

## **JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees**

---

Saterdag 29 Junie

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:14 (AFR83)**

**Belediging ter wille van Christus is die bewys dat die Gees van God op ons bly**

Gelowiges ken lyding. Dit voel soms asof jy in 'n oond vasgevang is en die temperatuur hou aan styg. Die druk bou op. Dit is presies wat met die woordjie "vuurproef" bedoel word. Dit wys op die proses waardeur onverwerkte metaal onder hoë temperatuur gesmelt word, sodat dit gesuiwer kan word. Dit proses vind plaas in 'n smeltoond. Die onsuiverhede word afgeskep en die suiwer metaal bly oor. Die gelowige se swaarkry en lyding is 'n vuurproef, 'n pynlike proses van toetsing.

So word ons geloof gelouter en sterk gemaak. Die uiteinde is heerlik! Daarom kan ons oor lyding bly wees. Wat meer is, ons is bevoorreg om daardeur te deel in Christus se lyding.

En hoe het Hy nie gely nie! Uiteindelik het Hy aan die kruis gehang. Daar het God se oordeel oor ons sondes op Hom gebrand, soos in 'n vuurproef. Hy het die toets deurstaan en oorwin. Deur sy lyding en sterwe het daar vir ons verlossing gekom. Deur sy pyn kan ons die pyn van die lewe hanteer.

Wat meer is: Ons is geseëndes, want lyding is ook die bewys dat die Heilige Gees op ons bly. Onder lyding word spesifiek belediging genoem. Belediging is 'n vernietigende vorm van vervolging. Met haat en venyn word iemand onregverdig gekritiseer, gevloek en uitgeskel. Hieronder kan ook spot en hoon verstaan word. Die Heilige Gees gee ons die krag om die beledigings reg te hanteer. Die Heilige Gees help ons om hierin Christus na te volg. Ons lees immers in 1 Petrus 2:23 dat Hy, toe Hy beledig is, nie terug beledig het nie.

Dit is so moeilik vir ons. Ons wil terug beledig. Maar as geseëndes kry ons dit reg om selfs met 'n seënswens te antwoord. Ons kan ... want die Gees van heerlijkheid, die Gees van God is op ons.

*Sing: Psalm 118-1:7*

*Ds. AL (Abri) Pelsers (Bethlehem)*